VROUE GELEENTHEID

OORTREFLIK

3 & 4 Mei 2024

Kasteelkop Gasteplaas
Frankfort, Oos-Vrystaat

met Mila Guy

VROUE GELEENTHEID

OORTREFLIK

Kom koester vrouwees tydens een van twee eksklusiewe inspirasie-sessies by Kasteelkop Gasteplaas, Frankfort die 3de & 4de Mei 2024.

VRYDAG, 3 MEI: 10:00 - 13:00

SATERDAG, 4 MEI: 10:00 - 13:00

R975 p/p

Kaartjie sluit in:

- Inspirasie-sessie: Mila Guy.
- Stylstrategie vir jou klerekas: Milanie Stadler (Voorkomskonsultant).
- Blommerangskikkings-werkswinkel: Diane van der Merwe (kykNET Groenste Vingers S1 Wenner).
- Geskenksakkie ter waarde van R500.
- Persoonlike geskenkie n.a.v. stylpersoonlikheid resultaat.
- Ligte middagete.

PAAIEMENTPLAN BESKIKBAAR

Betaal jou kaartjie af oor twee maande, rentevry (April & teen 1 Mei ‘24).

INSPIRASIE-SPREKER

Iemand wat beslis geen voorstelling nodig het nie. Mila is ‘n veelsydige, bekroonde aktrise wat sedert 2014 al vele rolle vertolk het in films, televisiesepies en -reekse.

Onder andere in die kykNET mokumentêre reeks, *Hotel*, die dramakomedie film, *Liewe Kersfeesvader* en die gewilde sepie, *Binnelanders*. Sy het ook onlangs twee trouprogramme op VIA aangebied, naamlik, *Eendag* & *Waar’s my trourok*.

Mila woon tans in Boston Bellville met haar 37 huisplante, haar pragtige “golden retriever” Huxley en haar skreeusnaakse man, Bennie Fourie. Sy is ewe gemaklik om komedie of drama te doen en het geen probleem daarmee om ‘n gat van haarself te maak of haar oë uit te huil vir ‘n emosionele rol nie.

BLOMMERANGSKIKKINGS WERKSWINKEL

Diane is ‘n passievolle geleentheidsbeplanner en bloemis wat aan die stuur staan van Consmania Floral Artistry. Alhoewel sy haarself al prominent gevestig het in die industrie en weggestap het as die wenner van kykNET se *Die Groenste Vingers* Seisoen 1, glo sy mens kan nooit ophou leer of vervolmaak wees in dié kuns nie.

Sy is ‘n vrou en ma wat mal is oor die lewe, mense, diere, lekker kos en natuurlik blomme! Klein dingetjies maak haar opgewonde & sy vind vreugde in haar Godgegewe lewensdoelwit.

OORTREFLIK

"Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal" – Spreuke 31:29

Die eerste OORTREFLIK vroue geleentheid is aangebied in 2021, te midde van die Covid-pandemie, met die doel om te inspireer, vroue bymekaar te bring & hulle toe te rus om in oortreflike trap te leef.

Sedertien is 11 suksesvolle OORTREFLIK-geleenthede regoor die land aangebied tesame met besonderse vroue, besighede en bestemmings.

"My grootste wens vir elke vrou wat 'n OORTREFLIK vroue geleentheid bywoon bly deurlopend dieselfde. Dat sy geïnspireer sal wees om in oortreflike trap te leef, dink en praat, in haar eie unieke manier en in elke aspek van haar lewe." - *Milanie Stadler*

STYL STRATEGIE VIR JOU KLEREKAS

Milanie is passievol oor vroue, om positiewe verandering te inspireer en om unieke Godgegewe potensiaal te ontsluit deur die gebruik van kleur & styl.

Sy het 'n graad in BCom Entrepreneurskap & Ondernemingsbestuur van die Noord-Wes Universiteit, jare se eerstehandse ervaring in die skoonheidsindustrie as model en deelnemer aan verskeie kompetisies en het einde 2019 haarself as voorkomskonsultant by Image Innovators South Africa bekwaam.

Sy is 'n trotste inwoner van Reitz in die Oos-Vrystaat, wat graag die stereotipes en beperkinge wat gepaardgaan met boervrou wees, uitdaag.

Haar hoop is dat elke vrou sal besef hoe spesiaal sy geskape is en dat sy 'n missie het wat alleenlik sy kan verwenslik!

Sjo ervaar dames

OOR TREF LIK

Unknown contact said:

"Dit was 'n besonders spesiale oggend. Alles was haarfyn beplan. Ek het welkom en bederf gevoel. Milanie se oop en eerlike aanslag is vervrissend en treffend."

Unknown contact said:

"Fantasties en baie opbouend! "

Unknown contact said:

"Dit was 'n ongelooflike ervaring. Dit is so mooi om te sien hoe Milanie en Simoné positiewe Christelike rolmodelle vir jong meisies en dames is. Ons kort meer sulke mense!

Dit was ook lekker om weer herinner te word hoe lief God ons elkeen het en dat ons vir Hom meer as genoeg is!

Ek sal beslis weer so geleentheid wil bywoon!"

Unknown contact said:

"Dit was so lekker en insiggewend gewees! Altyd lekker om met ñ hart vol hoop terug huis toe te gaan. Dankie vir al die styl raad en vaardighede wat ons geleer het!"

Unknown contact said:

"Amazing! Geestelike inspuiting!"

Sjo ervaar dames

OOR TREF LIK

"Dit was 'n besonderse spesiale geleentheid. God se teenwoordigheid is ongelooflik! As jy 'n geloofinspuiting nodig het, of sommer net bietjie tyd vir jouself wil maak, is 'n Oortreflik werskswinkel die manier om dit te doen. Jy word op die hande gedra en elke liewe oomblik spesiaal laat voel. 10 uit 10! Woon ten minste een keer in jou lewe hierdie geleentheid by! Jy sal nie spyt wees nie." - *Laura-li Wessels, 25, Kroonstad*

"Wat 'n voelgoed oggend! Die geleentheid het mens opnuut laat besef dat God jou geskape het en dat niemand van ons iets anders, behalwe PERFEK is nie. Dit het my ook herinner dat ons na onsself moet kyk deur God se oë, en dat mooi grimering en die regte klere net bydrae om ons bestaande mooi, nóg mooier te maak."
- *Rona Tack, 35, Reitz*

BESPREKINGS

Hoe om jou kaartjie te bespreek:

1. Stuur 'n e-pos aan milaniestadler@gmail.com met die volgende inligting:

- Die hoeveelheid gaste waarvoor jy wil bespreek en hulle besonderhede - naam, van, kontaknommer & e-posadres.

2. 'n Faktuur sal daarna volg.

3. Betaling word benodig om jou sitplek te bevestig. Bewys van betaling kan gestuur word na milaniestadler@gmail.com